# Noah's Ark Independent Primary School

| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
|---|---|
| Type: End of 3rd Term Assmt. | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 5 September 2019 | Grade: 4 |
| Marks: 50 Marks | Time: 90 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

Simon het sirkusse en dieretuine gehaat vir dieselfde rede: wildsdiere in gevangeneskap. Wanneer sy pa hom na 'n sirkus wou neem wat jaarliks na hulle dorp toe gekom het, het Simon geweier. Sy ouers het opgehou om hom na die dieretuin te neem, want dit het hom te veel ontstel.

"Maar kyk na die diere!" sou sy ma sê. "Hulle is vet! Hulle is gesond. Daar is veeaartse wat na hulle kyk as hulle siek word, en hulle hoef nooit te jag vir hulle kos nie, of die risiko staan om doodgemaak te word deur ander wilde diere of jagters nie. Al wat hulle hoef te doen is om rond te lê die hele dag!"

"Maar dis die hele rede!" sou Simon huil. "Hulle is wilde diere! Hulle moet vry wees - rond hardloop gedurende die dag as hulle wil. Kyk net na daardie ysbeer! Hy wil nie die hele dag in die son lê nie. Hy behoort in die Noordpool, in die sneeu! Hy is seker so verveeld in daardie hok."

Sirkusse was nog erger. Simon was net eenkeer daar en het toe besluit om nooit weer te gaan nie. "Dis verskriklik wat hulle die diere laat doen," het hy gesê. "Die leeu is die koning van die oerwoud - nie 'n afgerigte hond nie! En olifante is so intelligent; hulle behoort nie sulke oppervlakkige toertjies te doen nie."

Simon wil 'n dierkundige word wanneer hy volwasse is, om die lewens van die diere in gevangeneskap te verbeter.

1. Die teks handel oor plaas diere. (1)

   (a) waar (b) onwaar

2. Volgens die teks behoort ysbere in die … te bly. (1)

a) Amerika b) Noordpool c) woud

3. Haal 'n rede uit die teks wat ons sê waarom Simon dieretuine en sirkusse haat. (1)

_______________________________________________

4. Waarom het sy ouers opgehou om hom na die dieretuin to neem? (1)

_______________________________________________

5. Waarmee vergelyk Simon leeus in sirkusse? (1)

_______________________________________________

6. Hoeveel keer was Simon al by die sirkus? (1)

a) eenkeer b) tweekeer c) nog nooit

7. Haal twee voordele (advantages) van dieretuine, volgens Simon se ma, uit die leestuk. (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

8. Stem jy saam met Simon? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

Lees die gedig oor hoekom die kameelperd se nek lank is en antwoord die vrae wat volg.

**Waarom Kameelperd 'n lang nek het**

Baie jare gelede – so word vertel –
is daar op Koning Leeu se bevel
'n rugbywedstryd gereël
en die diere is in twee spanne verdeel.


Kameelperd is die man
wat die bal vashou vir die skopper in die span.
Sy nek was toe nog kort en dik
oor hope selfvertroue het hy beskik.
Plat op sy maag het hy gaan lê
terwyl Eland beduie hoe hy die bal wil hê.

Eland storm nader en gee 'n skop...
O nee! Hy tref Kameelperd se kop!

Die kop trek deur die lug –
Eland wonder of hy moet vlug.
Hy sien hoe die kop al verder trek
en hoe Kameelperd se nek rek en rek...

Dokter Olifant is sonder versuim laat kom,
maar was geheel en al verstom,
want Kameelperd het nie veel makeer;
net sy kop was effe seer...

Sy nekspiere het permanent gerek.
Hy loop vandag nog met die lange nek.



BRON: BERNIE VISSER, *RYMREISE*, UITGEWER, 2010.

9. Haal twee woorde wat rym uit die eerste strofe van die gedig. (1)

_____________ en ________________

10. Watter sport het die diere gespeel. (1)

______________________________________________________________

11. Haal 'n woord uit die gedig wat rym met lug. (1)

______________________________________________________________

12. Verduidelik kortliks hoe het die gebeur dat kameelperd se nek so lank is. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

13. Wie het die skopwerk gedoen? (1)

______________________________________________________________

_____ / 15 Punte (Afdeling A)

## Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

Vraag 1: Lees deur die begripstoets en antwoord die volgende: Vul in die spasies met die korrekte voornaamwoorde. (3)

a. Ma sê, "kyk na die diere, ____________ is vet."

b. Simon se pa wil ____________ na die sirkus neem.

c. Simon se ma is lief vir ________________ seun.

Vraag 2: Skryf die volgende sinne in direkte rede:

a. Sy ma sê dat hulle vet is.

______________________________________________________

b. Hy het gesê dat die leeu die koning van die oerwoud is.

______________________________________________

c. Simon skree dat die ysbeer in die Noordpool hoort.

______________________________________________

Vraag 3: Skryf die volgende sinne in die korrekte woordorde

a. Hy / in die / behoort / Noordpool.

______________________________________________

b. word / 'n dierkundige / Simon wil

______________________________________________

Vraag 4: Gee die intensiewe vorm vir die volgende. (3)

a. Die sneeu is baie koud. Dit is ______________________.

b. Die son is so warm dit is ______________________.

c. Die ysbeer is baie vet. Hy is ______________________.

Vraag 5: Skryf die volgende sinne in ontkennende vorm. (Nie sinne)

a. Die leeu is 'n afrigter hond.

______________________________________________

b. Hulle is gesond.

______________________________________________

c. Simon huil.

______________________________________________

Vraag 6: (Lees deur die gedig en antwoord die volgende vrae).

6.1. Gee die antonieme van die woorde tussen hakies:

a. Kameelperd het eers 'n (lang) nek gehad. _____________

b. Eland hardloop (stadig) nader. ___________________

6.2 Haal die manlike vorm vir woord koningin wit die teks.

_________________________

6.3 Verbind die sinne met voegwoorde tussen hakkies:

a. Eland storm nader. Hy tref kameelperd se kop (en)

___________________________________________________

___________________________________________________

b. Kameelperd se nek was kort en dik. Nou is dit lank en dun. (maar)

___________________________________________________

___________________________________________________

c. Hy lê plat op sy maag. Eland beduie hoe hy die bal wil hê. (terwyl)

___________________________________________________


___________________________________________________

_____ / 20 ÷ 2 = 10 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Bestuuder die prentjie van 'n dieretuin. Skryf 'n paragraaf van 60-80 woorde wat verduidelik wat jy sien. Onthou om byvoeglikke naamwoorde te gebruik. Maak gebruik van die woordeskat.

| | | |
|---|---|---|
| apies - monkeys | bere - bears | kameelperd - giraffe |
| voëls - birds | hokke – cages | sypaadjie - sidewalk |



'n Dag by die dieretuin

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Inhoud pas met titel | 1 | |
| Skryf voledige sinne, goeie woordorde | 2 | |
| Maak gebruik van byvoeglike naamwoorde om selfstandig naamwoorde beskryf | 2 | |
| Spelling 1 tot 3 foute = 5, 3-4 foute = 4, 5-6 foute = 3, 7-8 foute = 2, meer as 8 foute = 1 | 5 | |
| Totaal | 10 | |

## Afdeling D: Luister en Praat

## Selfoon

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Intonasie | 2 | |
| Vlotheid | 3 | |
| Maak gebruik van leestekens | 5 | |
| Totaal | /5 | |

**Noah's Ark Independent Primary School**

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
| Type: End of 3rd Term Assmt. | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 5 Septembe 2019 | Grade: 4 |
| Marks: 50 Marks | Time: 60 minutes |

Naam:

# Selfoon

Ilze Beukes

"Ma, kan ek 'n selfoon kry?" vra Rohan.

"Jy's te jonk daarvoor. Kom ons kyk as jy twaalf is," antwoord sy ma.

"Ag nee, jissie Ma, twee jaar is te lank. Almal in my klas het een."

"Wat wil jy met 'n selfoon maak?"

"Stuff."

"Spaar daarvoor," sê Pa.

Rohan rol sy oë. "Hoekom is julle so outyds? My sakgeld is te min. Ek gaan vir ewig spaar," kla hy.

"Wel, jy kan takies in die huis doen vir ekstra sakgeld," antwoord Ma.

Rohan loop dikmond kamer toe en probeer aan 'n plan dink. Wag 'n bietjie, die bure gaan vir 'n week weg. Iemand moet na hulle diere kyk.